



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 2

Lestitel: Doop met die Heilige Gees

# 'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Welkom by die les: “Doop met die Heilige Gees”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

### Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: <a href="https://bit.ly/3NACSSH5">https://bit.ly/3NACSSH5</a>
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Bybel</li><li>• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is</li><li>• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.</li><li>• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is</li><li>• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie)</li></ul> <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



## Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

### Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

### Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



# Die Les

Lestitel	Doop met die Heilige Gees
Bybelwoord	<ul style="list-style-type: none"><li>• Handeling 1: 4 – 8; 2: 1-4; 8: 15-17</li><li>• Mattheus 28: 19-20</li><li>• Johannes 3: 5</li><li>• 2 Korinthiërs 5: 17</li><li>• Jakobus 1: 18</li><li>• Efesiërs 4: 13</li><li>• Johannes 14: 3</li></ul>
Lesdoelwit	<p>Die doel van hierdie les is:</p> <ol style="list-style-type: none"><li>1. Die konfirmante verstaan en glo dat deur die wedergeboorte uit water en Gees<ol style="list-style-type: none"><li>a) 'n Mens 'n kind van God word, en</li><li>b) 'n Mens die reg verkry om 'n eersteling te word</li><li>c) 'n Mens die belofte van toekomstige heerlijkheid verkry.</li></ol></li></ol>

## Lesopsomming:

Die Heilige Gees het soos 'n duif op Jesus neergedaal nadat Johannes die Doper Hom met water gedoop het. Hy het die Heilige Gees direk van sy Vader ontvang (vgl. Mattheus 3: 16 en Lukas 3: 22).

Op Pinkster kom daar 'n geluid uit die hemel soos die geruis van 'n magtige wind. Tonge soos vuurvlamme verskyn aan die gelowiges wat vergader het. Die Heilige Gees het op almal wat saam was, soos die Here Jesus hulle beveel het, neergedaal (vgl. Handeling 1: 4–8 en 2: 1–4). In die vroeë kerk het apostels die gawe van die Heilige Gees deur handoplegging en gebed uitgestort.

Lewende apostels van Jesus Christus is vandag steeds aktief in die Nuwe Apostoliese Kerk; Hulle verseël gelowige mense regoor die wêreld met die gawe van die Heilige Gees.

Terwyl hy bid, plaas 'n apostel sy hande op 'n persoon en sê: "Ontvang die Heilige Gees in die naam van God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees."

Die Here Jesus het vir Nikodemus gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en die Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie" (Johannes 3: 5).

Omdat ons die Heilige Gees het, moet ons ons Vader in die Hemel liefhê, na die woord van God luister en dit uitleef. Ons moet met verskillende aktiwiteite in God se huis besig wees, ons moet bid en altyd meer oor God wil leer.

As kinders van God het ons altyd rede om vreugdevol te wees. Ons het 'n Hemelse Vader wat in die aardse dinge vir ons sorg, maar bowenal geestelik.



Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

Ons het in hierdie les geleer dat:

- 'n Lewende apostel vandag die Heilige Gees uitstort soos dit deur die dissipels gedoen is.
- Jy moet met water gedoop word en die Heilige Gees deur 'n apostel ontvang om die goddelike kindskap te verkry.
- Ons word 'n "nuwe skepping" nadat ons met water en die Heilige Gees gedoop is, en ons moet toelaat dat dit binne-in ons ontwikkel, deur met God se werk besig te wees.
- Ons moet altyd vreugde in God se werk vind soos ons vir die wederkoms van Jesus voorberei.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Hoe het Jesus die Heilige Gees ontvang?

Antwoord: Die Heilige Gees het soos 'n duif op Jesus neergedaal nadat Johannes die Doper Hom met water gedoop het.

2. Wanneer is die Heilige Gees in Jerusalem uitgestort?

Antwoord: Op die dag van Pinkster

3. Hoe is die Heilige Gees op Pinkster uitgestort?

Antwoord: 'n Geluid het soos die geruis van 'n sterk wind uit die hemel gekom. Tonge soos vuurvlamme, het aan die gelowiges wat vergader het, verskyn

4. Hoe ontvang siele vandag die Gawe van die Heilige Gees?

Antwoord: Deur handoplegging en gebed van 'n lewende apostel

5. Hoe kan 'n mens die Koninkryk van God binnegaan?

Antwoord: Deur met water en die Heilige Gees gedoop te word

6. Watter lewenstyl behoort 'n kind van God wat met water en die Heilige Gees gedoop is, te hê?

Antwoord: Ons moet ons Vader in die Hemel liefhê, na die woord van God luister en dit uitleef. Ons moet besig wees met verskillende aktiwiteite in God se huis, ons moet bid en altyd meer oor God wil leer.



### Addisionele Opmerkings Liewe Ouers

1. Let ook op die aktiwiteit wat volgens die kind se konfirmasiewerkboek gedoen moet word.

Dit is deel van les 22. Dit kan na die aanbieding van die les gedoen word. Sou u egter so verkies, kan dit saam met u kind as 'n aktiwiteit gedoen word.

2. As deel van huiswerk, moet u kind ook die agste geloofsartikel leer en opsê.

Die bewoording is soos volg:

Ek glo dat diegene wat met water gedoop is, die gawe van die Heilige Gees deur 'n apostel moet ontvang om die kindskap in God te verkry en daarvolgens dus die voorvereiste om 'n eersteling te word.

Die konfirmante moet elke geloofsartikel ken, of ten minste die betekenis daarvan aan die einde van hul konfirmasie-opleiding kan verduidelik.

### 'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen